*Dinsdag* **17 Februarie**
**Skrifgedeelte: Jakobus 3:13-18**
**Fokusgedeelte: Jakobus 3:17 (AFR33/53/AFR83)**

**Aardse wysheid en hemelse barmhartigheid**

Jakobus se hele instelling is dat geloof ’n werkwoord is. Nie om verlos te word nie, maar omdat jy reeds verlos is. Hierdie boek beteken niks vir die ongelowiges nie, daarom dat Jakobus (geïnspireer deur die Heilige Gees) die heeltyd die wêreld (ongelowiges) afspeel teenoor die gelowiges en hulle wat aan God behoort. Hoe lewe ek in hierdie wêreld as ’n gelowige?

Daarom koppel hy ook altyd die dade van ’n gelowige aan wysheid. Dit is nie aardse slimmigheid of intellek nie, maar hemelse en Bybelse wysheid. Iets wat iemand net kan hê as deel van die skare verlostes. Dit is iets wat gedoen moet word. Jy wys dit deur goeie gedrag, jy wys dit deur dade wat van nederigheid getuig.

Kyk hoe lyk die wêreld, sê hy vir hulle, naywer, selfsug, dinge wat aards en sinlik en boos is. Dit is nie iets wat by kinders van God tuishoort nie.

Barmhartigheid, medelye soos die bedoeling in Jakobus, is iets wat aan mense gedoen word. Jy kan dit sien, mense kan dit van jou af beleef en ervaar. Ek wil hierdie dinge aan ander doen, want dit is die minste wat van my verwag word, nadat ek reeds alles deur God se genade ontvang het. Daarom is dit ’n vreugde om vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig en opreg te wees. Ek is dit, sodat ek ook ’n duidelike antwoord op die wêreldse boosheid kan wees.

Jakobus sluit hierdie gedeelte af met die “geloof is ’n werkwoord”-idee. Hy sê dat die wysheid wat van God af kom, ons in die ware verhouding met God stel, sodat ons as verlostes kan optree, maar veral sodat ons kan vrede maak. Ons is die wêreld se vredemakers, ons maak vrede, want die vrede tussen ons en God is ons kosbaarste besitting.

*Sing: Psalm 34-1:1, 3*

*Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)*